# PS 42 / 43 : HOMILETIESE KANTTEKENINGE

*C W Burger*

## 1 *TEKS*

Ps 42:1 Vir die musiekleier. 'n Onderwysing van die kinders van Korag.
2 Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God!
3 My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?
4 My trane is my spys dag en nag, omdat hulle die hele dag vir my sê: Waar is jou God?
5 Hieraan wil ek dink en my siel uitstort in my: hoe ek gewoond was om voort te trek met die skare, hulle gelei het na die huis van God, met die stem van jubel en lof - 'n feesvierende menigte!
6 Wat buig jy jou neer, o my siel, en is onrustig in my? Hoop op God; want ek sal Hom nog loof - die verlossing van my aangesig!
7 o My God, my siel buig hom neer in my; daarom dink ek aan U uit die land van die Jordaan en die Hermons, van die klein gebergte af.
8 Die vloed roep na die vloed by die gedruis van u waterstrome; al u bare en u golwe het oor my heengegaan.
9 *Maar* die Here sal oordag sy goedertierenheid gebied, en in die nag sal sy lied by my wees, 'n gebed tot die God van my lewe.
10 Ek wil spreek tot God: My rots, waarom vergeet U my? Waarom gaan ek in die rou deur die vyande se verdrukking?
11 Met 'n doodsteek in my gebeente smaad my teëstanders my as hulle die hele dag vir my sê: Waar is jou God?
12 Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof - die verlossing van my aangesig en my God!

Ps 43:1 Doen aan my reg, o God, en verdedig my regsaak teen 'n onbarm=hartige volk; red my van die man van bedrog en onreg!
2 Want U is die God van my toevlug; waarom verstoot U my dan? Waarom moet ek rondgaan in rougewaad deur die vyand se ver=drukking?
3 Stuur u lig en u waarheid; laat dit my lei; laat dié my bring na u heilige berg en na u woninge,

4 dat ek kan ingaan na die altaar van God, na die God van my jubelende blydskap en U kan loof met die siter, o God, my God!

5 Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof - die verlossing van my aangesig en my God!

## 2 *INLEIDING EN UITLEG*

2.1 EENHEID: Dit word algemeen aanvaar dat Ps 42 en 43 'n eenheid vorm. Veral die volgende argumente pleit daarvoor:

2.1.1 herhaling van refrein (42:6; 42:12 en 43:5)

2.1.2 ooreenkoms en logiese gang van inhoud

2.1.3 afwesigheid van titel en inleiding by Ps 43.

2.2 "GATTUNG": Ons het hier duidelik 'n individuele klaaglied. Motiewe uit bedevaartsliedere en kultusliedere speel egter ook mee.

2.3 INDELING: Daar is beslis 'n logiese ontwikkelingsgang in die inhoud van Ps 42/43. N H Ridderbos (p 18): "Het eerste deel (42:1-6) is het meest centrale: hier domineert het verlangen naar het heilig= dom geheel en al; het tweede deel (42:7-12) is het donkerste: de klachten hebben hier de grootste plaats; het derde deel (43:1-5) is het krachtigste: het bevat het eigenlijke gebed, spreekt het uit= voerigst over de heilrijke toekomst".

2.4 OUTEUR EN SITUASIE: Oor die skrywer kan ons niks met absolute sekerheid sê nie. O g v die kultusverwysing meen N H Ridderbos dat ons moontlik hier te doen het met 'n tempelsanger. Oor die situasie, lyk dit my, kan ons ten minste sê dat die skrywer om een of ander rede homself ver van die tempel bevind en a g v omstandighede nie die voor= uitsig het om baie gou by die tempel uit te kom nie (sien verder Be= sinning 3.4).

2.5 INHOUD: In 'n selfgesprek bekla die skrywer sy lot. Hy is ver weg van die tempel en die aangesig van die Here en het geen onmiddel= like vooruitsig dat sy situasie sal verander nie. Rupprecht wys daarop dat sy klag na drie kante sny: i) Ek-klag (42:2-4a, 7, 11a); ii) Vyandsklag (42:4b, 10b, 11, 43:2b); iii) Godsklag (42:8, 10a,

43:2a). Die selfgesprek gaan geleidelik oor in 'n gebed tot die Here en so kry die digter eventueel stilte en vrede vir sy onrustige hart.

2.6 EKSEGESE: Wat die eksegese betref, verwys ons u na die bekende kommentare (sien Bibliografie). In die volgende deel (Besinning) maak ons ook hier en daar eksegetiese opmerkings.

T w v die argumentasie in die Besinningsdeel (par 3.7) moet ons iets meer sê oor 42:9. Dit is 'n kwessie of hierdie vers op die toekoms of op die verlede slaan. Die Afrikaanse vertaling kies die eerste moontlikheid: "Maar die Here *sal* oordag sy goedertierenheid gebied ...." N H Ridder=bos kies die tweede moontlikheid en vertaal: "Overdag beschikte de Here zijn goedertierenheid, ...." Vir ons lyk dit of die keuse in die laaste instansie betreklik willekeurig gemaak word. In dieselfde gees (!) het ons Ridderbos se weergawe gekies. Dan gaan dit in vs 9 nie om 'n gebed met die oog op die toekoms nie, maar om 'n belydenis wat gegrond is op die skrywer se ervaring in die verlede.

## 3 *BESINNING*

3.1 Hoe sou 'n mens Ps 42/43 tipeer? Waaroor gaan dit in hierdie psalm ? Die tema van die psalm is: "verlange na die tempel" - die tempel as plek van Gods heilryke teenwoordigheid. *Dus eintlik: verlange na God* self. In vs 2 gebruik die digter 'n mooi beeld om hierdie verlange te beskryf: dié van 'n dorstige hert wat smag na water.

Dis belangrik dat ons die impak van hierdie beeld reg sal verstaan. Hier=die woorde veral wanneer dit gesing word, wek dikwels by ons 'n aangename gewaarwording van mistieke verlange na God. Ons ervaar dit dikwels feit=lik idillies. So mis ons egter die wese van die beeld. Daar is niks moois aan nie. Ons het hier 'n mens wat skreeu na God soos 'n dier skreeu na water.

Ps 42/43 vertel van nood, 'n groot nood, lewensnood. In vs 3 sê die digter dat sy siel dors na die *lewende God* (vgl ook vs 9 - God van my lewe). Die lewende God is nie net die God wat nie dood is, niks is nie, maar ook en veral die God wat lewe gee, van wie alle lewe afhanklik is. Sonder hierdie God, wil die digter vir ons sê, kan hy nie leef nie, ver=gaan hy, is daar niks in sy bestaan oor nie.

3.2 In 'n poging tot aktualisering word dikwels in preke oor Ps 42/43 'n vinnige sprong gemaak van die verlange van die psalmis na die lewens= gevoele en Godservaring van die moderne mens (die agtergrond van die God-is-dood-teologie nl die ervaring van God se afwesigheid). Dit laat egter nie reg geskied aan die psalm nie. Dis baie belangrik dat ons sal weet dat ons in Ps 42/43 nie maar te doen het met die universele *homo religiosus* nie. Die verlange wat hier beskryf word is nie 'n algemene religieuse gevoel en die soeke na lewensvervulling wat elke mens maar op die een of ander manier ken nie. Ons het hier te doen met 'n *gelowige mens*. Hy soek nie na 'n vae, verre, onbekende God nie, maar na die God wat sy Naam aan Israel bekend gemaak het, "sy God" (bv 42:7, 12) wat hy leer ken het as 'n rots (vs 10) en 'n toevlug (42:3), die God van Sion wie se lof hy met die feesvierende menigte gewoond was om te besing (42:5). En die rede vir sy smart is dat hier= die God, om die een of ander rede, nou vir 'n oomblik sy aangesig vir hom verberg.

Daarom is dit miskien beter om te sê dat wat hierdie mens ervaar, is nie verlange nie, maar *heimwee*. 'n Mens kan verlang na iets wat jy nie ken nie, maar heimwee het jy net na iets wat jy ken.

3.3 In heimwee is daar gewoonlik iets troostends en aangenaam. Maar wanneer dit heimwee na God is, is dit anders. Dis treurig, amper rou (42:10 en 43:2). Dit kan 'n mens laat vergeet om te eet; trane word jou spys dag en nag (42:4).

In vs 7 en 8 beskryf die psalmis vir ons sy heimwee met 'n treffende beeld. Hy bevind hom in die omstreke van Caesarea-Filippi, in die Hermongebergtes waar die Jordaanrivier sy oorsprong het. Dis nag en in sy ore weerklink die geruis en geraas van waters teen mekaar (vs 8), van kolkende massas en woedende golwe. En dan sien hy homself. Al God se bare en golwe het oor hom heengegaan. Hy is in 'n maalstroom, soos 'n drenkeling wat heen en weer geslinger word deur vloedwaters. Hy is besig om te vergaan. So voel dit as 'n mens heimwee het na God.

Daarby kom nog iets wat hom enersyds troos maar andersyds sy verskrik= king vererger. Hy is nie die slagoffer van 'n vreemde noodlot nie. Dis God self wat met hom besig is. Dis sy God se bare en golwe wat oor hom heengaan.

3.4 Wat is nou die rede vir hierdie situasie? Wat is die oorsaak van die psalmis se wroeging? Daar is 'n hele paar dinge:

3.4.1 Om die een of ander rede (verban? gevlug? ontvoer?) is hy *ver weg van Sion*, die berg waar die Here woon. In die Jordaanland kan hy nie voor die aangesig van God verskyn nie (42:3). Ons het hier te doen met 'n feit van die OT bedeling nl dat God se teenwoordig=heid op 'n manier beperk was tot die tempel. Daarmee saam hang sy gemis aan die kultus. Hy verlang om deel te hê aan die erediens van die feesvierende menigte (vs 5). Dit is die eerste rede vir sy on=gelukkigheid.

3.4.2 Kraus e a meen om in sommige verse die moontlikheid van 'n *siekte* of krankheid by die digter te bespeur. Dit kan egter nie met stelligheid aanvaar word nie. Hierdie vaagheid in die teks i v m die spesifieke omstandighede van die digter (vgl ook punt 3.4.1 - presies waarom is hy in die Jordaanland?) bring die psalm op 'n manier nader aan ons. Dit open vele moontlikhede vir aktualisering. Elkeen kan as 't ware sy eie nood daar inskryf.

3.4.3 Wat wel baie duidelik in die psalm is, is dat die digter in die omstandighede waarin hy hom bevind, 'n *voorwerp van hoon en spot* vir sy vyande (waarskynlik heidene) geword het (42:4, 10, 11 en 43:1 en 2). Met hulle woorde: Waar is jou God nou? bevraagteken hulle nie net die goedheid en werksaamheid van Jahwe nie, maar selfs ook sy bestaan. En die antwoorde wat die psalmis hulle op hulle vrae probeer gee, is vanweë sy omstandighede nie oortuigend nie. Telkens verloor hy die argumente (regsaak? 43:1) wat hy met hierdie godlose bende probeer voer en dit is vir hom verskriklik.

3.4.4 Maar die heel ergste is dat, teen sy sin, die vrae van sy vyande in sy eie hart weerklank vind. Die donker snare van sy hart tril mee as sy vyande so oor God praat (Van Ruler). In swak oomblikke begin hy wonder of sy vyande nie dalk reg het nie! Hy begin self *twyfel* oor God! Telkens in die psalm klink die "waaroms". Waarom verdruk die Here hom so (43:2)? Het die Here hom dan verstoot (43:2) of vergeet (42:10)? Ons staan hier voor die "oerlyding van die Godverlatenheid" (Kraus). *Hier het ons gekom by die diepste nood van die psalmis, die eintlike rede vir sy smart. Dat hyself, 'n ge=lowige mens, begin vrae vra oor God se weë met hom - dit is die "doodsteek" in sy "gebeente"* (42:11)*!*

3.5 Hoe kom 'n mens uit hierdie probleem? Hoe kry jy weer vrede as jy so aangeveg word in jou geloof? Vir die digter van Ps 42/43 lê die op= lossing van sy probleem in die *kultus en die tempel*. As hy net weer kan ingaan en voor die aangesig van die Here verskyn (42:3), as die Here hom weer bring na sy heilige berg en sy woninge en hy kan ingaan na die altaar van God (43:3, 4a), dan sal sy probleme op 'n end wees! Die be= langrikheid van die kultus en liturgie vir die gelowige word in Ps 42/43 dik onderstreep. Om God te loof en te prys - daarin lê die eintlike be= stemming van ons bestaan (N H Ridderbos). Wanneer die lof van die siter (43:4) harder klink as die gedruis van die waterstrome wat soms oor ons heengaan (42:8), dan word ons vrede herstel en kan ons selfs kom tot 'n jubelende blydskap (43:4).

Dis egter belangrik vir die verstaan van Ps 42/43 dat ons hierdie litur= giese noot nie oorspeel nie. Dit blyk weliswaar uit die psalm dat die kultus vir die digter geweldig belangrik is, maar feite is dat dit hom in die Jordaanland, ver van Sion, nie beskore is nie. Die tempel en die feesvierende menigte sou hom kon help, maar vir tyd en wyl moet hy 'n ander, mindere oplossing vir sy probleem soek en vind.

3.6 Waar en hoe vind hy hierdie oplossing?

3.6.1 Dis in die eerste plek belangrik dat ons daarop sal let dat die digter in sy nood aan God vashou. 'n Mens dink onwillekeurig aan Jakob (Gen 32) wat in sy worsteling gryp na die hand wat hom slaan! Die psalmis weet dat net die lewende God hom kan help en tot hierdie God wend hy hom in die *gebed*. Ons het dan ook in die drie strofes van Ps 52/43 'n gestadigde ontwikkeling vanaf selfrefleksie tot egte, ware gebed.

3.6.2 Met Sion ver weg weet die psalmis dat daar nie 'n maklike op= lossing vir sy probleem is nie. Hy sal tevrede moet wees met 'n mindere oplossing, 'n tweede beste weg. Daarvoor bid hy in Ps 43:3: "Stuur u lig en u waarheid dat dié my lei". Hy bid hier om 'n in= grype van God. Maar anders as bv in Ps 18:7v waar God self verskyn om te help, sê die digter van Ps 42/43 as't ware vir die Here dat Sy *bodes (Sy lig en waarheid)* vir hom in sy omstandighede nou genoeg sal wees. Hy vra die Here vir lig (d i God se goedertierenheid en genade) wat veral daarin moet bestaan dat die Here hom weer moet oortuig van Sy waarheid (d i Sy onveranderbare trou). Wat hy wil weet, nou diep oortuig van wil wees, is dat God nie regtig verander het nie (soos dit vir hom in sy benoudheid voel!), maar dat Hy nog

dieselfde bestendige God van heil is.

3.7 En daarom stel hy hom dit ten doel om in sy gebed *weer na God te kyk* en Hom te probeer sien soos Hy werklik is. Uit die land van die Jordaan *dink* hy weer oor God (42:7). Hy onthou die Here as sy God (o a vs 6), die God van sy lewe (vs 9), sy Helper (o a vs 6), sy Rots (vs 10) en sy Toevlug (43:2). Hy dink daaraan dat die Here in die verlede oordag nog altyd Sy goedertierenheid oor hom gebied het (d i Sy trou en bestendigheid aan hom getoon het) en hoe die Here se lied in die nag altyd by hom was (42:9). En dan wyk die newels wat God se beeld vir sy geloofsoog verdonker het en vra hy homself af (hoor 'n mens iets van 'n verligte laggie?!): Mens, waarom is jy so terneergedruk en kerm jy so (vs 6 e a)? Hoekom is jy nou eintlik so bekommerd en ontsteld? Jahwe is tog die Troue, 'n God wat onver= anderlik is in Sy liefde en sorg!

3.8 Met hierdie nuwe sig op God kom die digter weer tot hoop en ver= troue. Dis hierdie wete dat God sekerlik die troue, onveranderbare God is, wat hom eindelik bring tot 'n vaste *geloof*. Die pad wat voor= lê het daarmee nie maklik geword nie. Wie glo, aanskou nog nie, sien nog nie van aangesig tot aangesig nie ( 1 Kor 13:12). Geloof is op stuk van sake 'n mindere oplossing, *'n tweede beste weg*. Geloof is nie 'n maklike weg nie, maar ten minste 'n weg wat begaanbaar is! Geloof laat wel nie al die kwellings opklaar nie, maar met geloof in jou hart kan 'n mens hierdie kwellings en spanninge van jou lewe darem dra. Met geloof kom jy "oor die weg". En as jy glo, dan kan jy selfs probeer sing ook - 'n loflied vir Hom (42:6, 12, 43:5) selfs in die vreemde!

*Van hierdie geloof hang alles in Ps 42/43 af. Hierdie geloof moet gestaal word, moet gevoed, opgekweek, versterk en gekoester word* (Van Ruler). *Daarop kom dit aan!*

3.9 Hoe bring 'n mens nou hierdie psalm oor na die NT? Wat beteken dit alles vir 'n NT gelowige?

3.9.1 Die verkiesing van Sion en die tempel as plek van Gods teen= woordigheid, het in die NT op Christus oorgegaan. Deur Sy Gees is *Christus* vandag oral teenwoordig en kan ons Hom op enige plek aanbid (Joh 4:23, 24).

3.9.2 Dis egter belangrik dat ons daarmee nie die *belangrikheid van*

*die liturgie en kultus* ook vir die NT gelowige sal misken nie. Dit is nog steeds so dat Christus op 'n besondere (meerdere?) manier teenwoordig is waar Sy gemeente vergader in Sy Naam. Calvyn sê in sy kommentaar op Ps 42/43 dat ons in die liturgie te doen het met 'n "band van heilige verbintenis met God". Dis 'n oefening in vroomheid wat ons vanweë ons innerlike swakheid nie kan ontbeer nie.

3.9.3 As ons wil praat van 'n NT vervulling van Ps 42/43 dan moet ons onmiddellik bysê dat dit nie meer is as *'n voorlopige vervulling* nie. Helaas ken ook die NT gelowige die smart van Ps 42/43 in sy volle intensiteit. Die pyn van Godverlatenheid oorval ook vir ons by tye. Geloof is in die NT nie wesenlik anders as in die OT nie, die aanvegtinge is nie minder en die twyfel nie kleiner nie. Die NT gelowige ken en ervaar die nood van Ps 42/43 voluit.

3.9.4 Is die NT gelowige dan niks beter af as die OT gelowige nie? Wat beteken die vervulling dan waarvan ons in die NT hoor? Daar is tog 'n *verskil*. Nie in die sin dat ons nood minder diep is nie, maar wel dat ons in ons nood iets meer en iets beters voor hande het as die OT gelowiges. Op Pinksterdag is die *Gees van die Here* uitge=stort in die harte van Sy kinders. Hierin sit vir ons 'n geweldige voordeel (Joh 16:7) want die Heilige Gees kom juis om ons krag te gee en ons in ons swakhede te hulp te kom (Rom 8:26)!

3.10 Op 'n besondere, toegespitste wyse wil die Gees juis dit doen in die *Nagmaalsviering* van die gemeente:

3.10.1 Deur die *Nagmaalsimboliek* wil die Gees ons *nuwe uitsig op God gee*. Die brood en wyn wys heen na Christus, die enige Beeld van die onsienlike God (Kol 1:15) vol van genade en waarheid (Joh 1:17 - dis basies dieselfde as lig en waarheid van Ps 43:3!). En die tekens spreek van God se onveranderbare trou aan die mens en van sy self=verterende liefde. Wie dit alles gesien het in Christus kan weer met nuwe vreugde begin glo in God. *In Ps 42/43 sien ons dat die pad uit die Godverlatenheid terug na God begin met 'n nadenke oor God en Sy goedheid (vgl punt 3.6 bo). In die Nagmaal wil die Gees ons daarmee help.*

3.10.2 Wanneer die sakrament met geloof ontvang en gebruik word, kom die Here tot ons op 'n unieke, deur-God-gewaarborgde wyse. Wan=neer daar geloof in jou hart is, "gebeur" daar in die Nagmaal iets met jou, doen die Gees deur die brood en die wyn iets "onuitspreekliks"

aan jou. Die naaste wat ons daaraan kan kom om hierdie geheimenis uit te spreek, is dat dit jou geloof op 'n geweldige manier voed en versterk. *Deur die sakrament van die Nagmaal word jy deur die Gees in die geloof gestaal wat volgens die digter van Ps 42/43 al is wat jou in dae van Godverlatenheid staande - en selfs singend! - kan hou !*

## L I T E R A T U U R L Y S


| | | |
|---|---|---|
| Grosheide, F W | 1955 | *De Psalmen.* Kampen: Kok |
| Kraus, H J | [4]1969 | in G Eichholz: *Herr, tue meine Lippen auf* 5 Wuppertal: Müller |
| Kraus, H J | [4]1972 | *Psalmen* I (B K). Neukirchen: Neukirchen Verlag |
| Lamparter, H | [2]1961 | *Das Buch der Psalmen* I (B A T). Stuttgart: Calwer Verlag |
| Ridderbos, J | 1955 | *De Psalmen* I (C O T). Kampen: Kok |
| Ridderbos, N H | 1973 | *De Psalmen* II (Korte Verklaring). Kampen: Kok |
| Rothuizen, G Th | 1965 | *Landschap* I. Kampen: Kok |
| Rupprecht, W | 1970 | *Calwer Predigthilfen* 5. Stuttgart: Calwer Verlag |
| Sabourin, L | 1974 | *The Psalms.* New York: Alba House |
| Valeton, J J P | 1902 | *De Psalmen* II. Nijmegen: H ten Hoed |
| Van Ruler, A A | 1973 | *Over de Psalmen gesproken.* Nijkerk: Callenbach |
| Weiser, A | 1962 | *The Psalms* (O T L). London: S C M |
| Westermann, C | 1975 | *Predigten.* Göttingen: Vandenhoeck |